**For further information see attached pamphlet**
**Vir verdere inligting sien aangehegte pamflet**

# MYLOMEX 900 SP

**Namibian Reg. No. / Namibiese Reg. Nr. N-AR 1202**

A WATER SOLUBLE POWDER INSECTICIDE FOR THE CONTROL OF PESTS IN VARIOUS CROPS AS INDICATED.

'n WATEROPLOSBARE POEIER INSEKDODER VIR DIE BEHEER VAN PLAE IN VERSKEIE GEWASSE SOOS AANGEDUI.

**INSECTICIDE GROUP CODE 1A / INSEKDODERGROEPKODE**

**ACTIVE INGREDIENT:** **AKTIEWE BESTANDDEEL**:
Methomyl (Carbamate) ............……….....…….........900 g/kg.……………......................Metomil (Karbamaat)

Net Mass **Kg** Netto Massa

NULANDIS®

**<u>REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER</u>:**

**Nulandis® (A division of AECI Limited) / ('n Afdeling van AECI Beperk)**
Reg. No. / Nr. 1924/002590/06
P.O. Box / Posbus 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000
www.nulandis.com

IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL: 021 931-6129

**Batch No:** **Lotnommer**
**Date of Manufacture:** **Datum van Vervaardiging:**

**UN No.//VN Nr: 2757** Carbamate, pesticide,solid, toxic



Pamphlet

# MYLOMEX 900 SP

**Namibian Reg. No. N-AR 1202**

A WATER SOLUBLE POWDER INSECTICIDE FOR THE CONTROL OF PESTS IN VARIOUS CROPS AS INDICATED.

| **INSECTICIDE GROUP CODE 1A** |
|---|

**ACTIVE INGREDIENT:**
Methomyl (Carbamate) ..........………....……........900 g/kg

**<u>REGISTRATION HOLDER</u>:**


**Nulandis® (A division of AECI Limited)**
Reg. No. 1924/002590/06
P.O. Box 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000




**TOXIC**

**<u>WARNINGS</u>:**
**ALLOW THE FOLLOWING WITHHOLDING PERIODS - MINIMUM NUMBER OF DAYS WHICH SHOULD LAPSE BETWEEN THE LAST APPLICATION AND HARVESTING OR GRAZING (FEEDING):**

| | |
|---|---|
| **CRUCIFERAE** | **4 DAYS** |
| **POTATOES** | **3 DAYS** |
| **GRAIN SORGHUM, MAIZE, PASTURES, WHEAT, LUPINS, LUCERNE, FLUE-CURED TOBACCO** | **7 DAYS** |
| **AIR-CURED TOBACCO** | **14 DAYS** |
| **CITRUS – 20 g / 100 ℓ DOSAGE** | **2 DAYS** |
| **CITRUS - HIGHER THAN 20 g / 100 ℓ DOSAGE** | **28 DAYS** |
| **PEACHES** | **16 DAYS** |
| **TOMATOES** | **2 DAYS** |
| **GREEN BEANS** | **14 DAYS** |

**MYLOMEX 900 SP** MAY CAUSE YELLOWING OF LEAF TIPS USED ON CERTAIN CARNATION VARIETIES. DO NOT USE **MYLOMEX 900 SP** IN COMBINATION WITH G49 WETTING AGENT ON TOBACCO SEEDBEDS OR ON CITRUS.

Handle with extreme care. Poisonous by contact, swallowing or inhalation - a small quantity may be fatal when swallowed or inhaled. Toxic to fish, bees and wildlife.
Store under lock and key in a cool place. Store away from food and feedstuffs.
Keep container well closed. Keep out of reach of children, animals and uninformed persons.
<u>Re-entry</u> – Do not enter treated area within 2 days after treatment unless wearing protective clothing.
In case of poisoning - CALL A DOCTOR AND MAKE THIS LABEL AVAILABLE TO HIM.
<u>AERIAL APPLICATION</u>: Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

**ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS, QUALITY OF DILUTION WATER, COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE PESTS TO THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.**

**PRECAUTIONS:**

Avoid inhalation of spray mist and contact with eyes, skin or clothing.
Wear full protective clothing - overalls, rubberboots, gloves and a suitable respirator.
Wash contaminated clothing daily. Wash with soap and water after use or accidental skin contact.
Do not eat, drink or smoke while handling the product or before washing hands and face and changing clothes.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and other areas not under treatment.
Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.
Destroy empty container by perforation and flattening and do not use for any other purpose.

**SYMPTOMS OF HUMAN POISONING:**
Symptoms include; Breathing difficulties, shortness of breath, headache, dizziness, blurred vision, nausea, weakness, constriction of pupils, slow pulse, sweating and muscle twitching.

**FIRST AID TREATMENT:**

When inhaled: Remove patient from source of poisoning to fresh air. If not breathing, give artificial respiration. If breathing is difficult, give oxygen. Get medical attention.
When swallowed: In case patient is conscious, drink water (two glasses) and induce vomiting, manually by tickling the back of the throat with your finger. Never give anything by mouth to an unconscious person. Get medical attention immediately. If large amounts have been swallowed, oral administration of activated charcoal and cathartics is recommended one hour after vomiting has occurred.
Skin Contact: In case of skin contact, immediately flush skin with plenty of water for at least 15 minutes while removing contaminated clothing and shoes. Cover the irritated skin with an emollient. Cold water may be used. Wash clothing before re-use. Thoroughly clean shoes before re-use. Get medical attention immediately.
Eye Contact: Check for and remove any contact lenses. Immediately flush eyes with running water for at least 15 minutes, keeping eyelids open. Cold water may be used. Get medical attention immediately.

**NOTE TO PHYSICIAN:**
The product is a cholinesterase inhibitor carbamate. Administer Atropine sulphate intravenously (2-4 mg) every 5 - 10 minutes until signs of atropinisation (dry flushed skin and tachycardea) appear.
Pralidoxime (2 PAM Protopam), morphine and other oximes are contra indicated.

AERIAL APPLICATION:

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

Equipment:

Use a conventional boom. Nozzles must be equipped with hollow cone or flat fan tips that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product through drift.
The operator must use a setup that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
All nozzles / atomisers should be positioned within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

Application parameters:

A minimum volume of 30 ℓ spray mixture per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
A droplet coverage of 30-35 droplets per $cm^2$ must be recovered at the target.
A droplet spectrum with a VMD (Volume Median Diameter) of 250 - 280 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets (smaller than 150 microns) is restricted to a minimum.
The height of the spray boom should be maintained at 3-4 metres above the target. Do not spray when aircraft is in a climb, at the top or during a dive, or when banking.
Apply before the crop becomes too dense, thus preventing proper coverage of the plants.

Meteorological conditions:

The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8 °C
Do not spray under turbulent, unstable conditions during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer).
Do not spray if the wind speed exceeds 15 km/h.

- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
    a) reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
    b) damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.

General:

Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**RESISTANCE WARNING:**

For resistance management, **MYLOMEX 900 SP** is a Group Code 1A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **MYLOMEX 900 SP** and other Group Code 1A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **MYLOMEX 900 SP** or any other Group Code 1A insecticides.

Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide Group Code. Alternate or tank mix with products from different insecticide Group Codes.

- Integrate other control methods [chemical, cultural, biological] into insect control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

**DIRECTIONS FOR USE:** USE ONLY AS DIRECTED

MIXING INSTRUCTIONS:

Add the required amount to a half full spray tank and mix thoroughly and fill up slowly while agitating (mechanical or hydraulic). Commence agitating mixture a few minutes before starting to spray. Agitation is required to ensure thorough mixing of product.

APPLICATION TABLE:

| CROP / PEST | DOSAGE | REMARKS |
|---|---|---|
| **CRUCIFERAE**<br>Larvae of Diamond-back moth, Greater cabbage moth & Aphids | 50 g/ 100 ℓ water | Apply when worms first appear on the leaves. Use up to 500 ℓ spray mixture / ha. During hot weather and peak infestation, shorten the spray intervals to 3-5 days. Ensure thorough wetting of the plants. |
| African bollworm | 250 g / ha | Ground application: Apply in sufficient water to ensure good coverage.<br>Aerial application: Apply in 30 ℓ water as soon as worms appear. Repeat if necessary. |
| Fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) | 250 g/ha | Apply once the infestation is noticed but not later than the 1st and 2nd-instar stage. Variable control may be expected from the 3rd-instar stage onwards. Apply a full cover spray and ensure thorough coverage of the target area. Repeat when necessary. |
| **CARNATIONS**<br>Carnation worm | 100 g / 100 ℓ water | Ensure good coverage of the whole plant. Repeat weekly. |
| **BEANS**<br>African bollworm | 250 g / ha<br><br>50 g/ 100 ℓ water | Aerial application: Apply in 30 ℓ water as soon as infestation appears. Repeat if necessary.<br><br>Ground application: Ensure good coverage of the plants and apply up to 500 ℓ spray mixture / ha. |
| **CITRUS**<br>Aphids &<br>African bollworm | 20 g / 100 ℓ water | Apply as a full light cover spray when aphids and/or worms appear. Repeat when necessary. |
| Mealy bug | 20 g / 100 ℓ water | Apply as a full cover spray with a high-pressure sprayer as soon as young nymphs appear on the fruit. Repeat if necessary. |
| Orange Dog caterpillar | 25 g / 100 ℓ water | Apply as light cover spray as soon as larvae are noticed |
| Red Scale | 100 g plus 3 ℓ Light narrow range mineral oils / 100 ℓ water | Corrective treatment: Apply when 25%-40% of the fruit is infested with one or more live nymphs or adult scale.<br>**WARNING**: Fruit bearing Trees: Only one application must be made between December and March for **late cultivars**.<br>**Early cultivars** may only be sprayed in December or January and not later than January.<br>Application must be made with high-pressure air compressor handguns. DO NOT apply with conventional citrus spray rigs. |
| Soft green scale | 20 g plus 500 mℓ light narrow range mineral oil / 100 ℓ water | Apply as a full cover spray with a high-pressure pump when the first visible signs of infestation are noticed. Do not use less than 500 mℓ mineral oil / 100 ℓ water. |
| Waxy scale | 25 g / 100 ℓ water | Apply as a full cover spray with a high-pressure pump as young nymphs of a new generation move from the leaves to the twigs. **This treatment will not be successful against adult waxy scale.** |

| CROP / PEST | DOSAGE | REMARKS |
|---|---|---|
| **PEACHES**<br>False codling moth | 50 g / 100 ℓ water | **<u>Early cultivars</u>:** Apply two sprays ensuring that the tree is thoroughly wetted. Apply the first spray 4 weeks before harvest and the second 10 days later. Also apply a registered product for fruit fly control.<br>**<u>Late cultivars</u>**: Apply 3 sprays beginning 6 weeks before harvest and repeat at 10 day intervals. Ensure good coverage of the trees. Also apply a registered product for fruit fly control. |
| **POTATOES**<br>Potato tuber moth and African bollworm | 50 g / 100 ℓ water<br><br>300 - 500 g / ha | <u>Ground application</u>: Ensure a good coverage and wetting of the plant. Apply up to 1 000 ℓ spray mixture / ha<br><br><u>Aerial application</u>: Apply in 30 ℓ water. Use the higher dosage if the spray interval exceeds one week. For tuber moth, begin application as soon as the plant is one month old and repeat applications weekly throughout the growing season. Potatoes must be ridged at least twice during the growing season. For African bollworm one application is sufficient to control one outbreak. If further outbreaks occur, repeat application if necessary. |
| **ROSES**<br>Aphids | 25 g / 100 ℓ water | Apply as a full cover spray. Repeat if necessary. Apply up to 500 ℓ spray mixture / ha. |
| **TOBACCO**<br>Leaf miner,<br>African bollworm,<br>Tobacco slug and<br>Stinkbug | 50 g / 100 ℓ water | <u>Ground application</u>: Apply when pests are noticed. For leaf miner, spray weekly and ensure thorough wetting of the plants. Apply up to 500 ℓ spray mixture / ha. |
| Fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) | 50 g / 100 ℓ water | Apply once the infestation is noticed but not later than the 1st and 2nd-instar stage. Variable control may be expected from the 3rd-instar stage onwards. Apply a full cover spray and ensure thorough coverage of the target area. Repeat application when necessary. |
| African bollworm,<br>Tobacco slug and<br>Stinkbug | 250 g / ha | <u>Aerial application</u>: Apply in 30 ℓ water when pests are noticed. Repeat if necessary. |
| **TOMATOES**<br>African bollworm,<br>Looper, Leaf miner,<br>Aphids and Thrips | 50 g / 100 ℓ water | Apply as a full cover spray as soon as fruit begin to set or earlier if necessary and repeat at 7 - 10 day intervals during the growing season. |

| | | |
|---|---|---|
| **GRAIN SORGHUM, WHEAT, LUPINS & LUCERNE**<br>African bollworm | 200 g / ha | <u>Aerial application</u>: Apply in 30 ℓ water as soon as the pest is observed. Repeat if necessary. |
| | 200 g / ha<br><br>50 g / 100 ℓ water | <u>Ground application</u>: Low volume. Apply in 100 - 200 ℓ water<br><br>Apply in up to 400 ℓ spray mixture / ha. |
| Fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) | 200 g/ha | Apply once the infestation is noticed but not later than the $1^{st}$ and $2^{nd}$-instar stage. Variable control may be expected from the $3^{rd}$-instar stage onwards. Apply a full cover spray and ensure thorough coverage of the target area. Repeat when necessary. |
| **MAIZE**<br>African bollworm | 200 g / ha | <u>Aerial application</u>: Apply in 30 ℓ water as soon as worms are noticed on the silks. **Mylomex 900 SP** will not control worms, which have already entered the cob. |
| | 200 g / ha<br><br>50 g / 100 ℓ water | <u>Ground application</u>: Low volume. Apply in 100 - 200 ℓ water.<br><br>Apply up to 400 ℓ spray mixture / ha. |
| Fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) | 200 g/ha | Apply once the infestation is noticed but not later than the $1^{st}$ and $2^{nd}$-instar stage. Variable control may be expected from the $3^{rd}$-instar stage onwards. Direct the spray nozzles into the funnel of the plants using between 300 – 600 ℓ water and ensure thorough coverage of the target area. Repeat every 7 days if necessary. |
| **GRAZING AND OTHER CROPS**<br>Army worms | 50 g / ha | <u>Ground application</u>: Apply in 400 ℓ water as soon as pest is noticed. |
| **VELD AND GRAZING**<br>Fall armyworm (*Spodoptera frugiperda*) | 50 g/ha | Apply once the infestation is noticed but not later than the $1^{st}$ and $2^{nd}$-instar stage. Variable control may be expected from the $3^{rd}$-instar stage onwards. Apply a full cover spray and ensure thorough coverage of the target area. Repeat when necessary. |

**PAMFLET**

# MYLOMEX 900 SP

**Namibiese Reg. Nr. N-AR 1202**

'n WATEROPLOSBARE POEIER INSEKDODER VIR DIE BEHEER VAN PLAE IN VERSKEIE GEWASSE SOOS AANGEDUI.

**INSEKDODERGROEPKODE 1A**

**AKTIEWE BESTANDDEEL**:
Metomil (karbamaat)........……….....……........900 g/kg

**<u>REGISTRASIEHOUER</u>:**

**Nulandis® (‘n Afdeling van AECI Beperk)**
Reg. Nr. 1924/002590/06
Posbus 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000

**GIFTIG**

**<u>WAARSKUWINGS</u>:**
**ONTHOUDINGSPERIODE: LAAT DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE TOE WAT MOET VERSTRYK TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES OF BEWEIDING (VOER)**

| | |
|---|---|
| **KOOLGEWASSE** | **4 DAE** |
| **AARTAPPELS** | **3 DAE** |
| **GRAANSORGHUM, MIELIES, WEIDINGS, KORING, LUPIENE, LUSERN, TABAK (OONDDROOG)** | **7 DAE** |
| **TABAK (LUGDROOG)** | **14 DAE** |
| **SITRUS – 20 g / 100 ℓ DOSIS** | **2 DAE** |
| **SITRUS – hoër AS 20 g/ 100 ℓ DOSIS** | **28 DAE** |
| **PERSKES** | **16 DAE** |
| **TAMATIES** | **2 DAE** |
| **GROENBONE** | **14 DAE** |

**MYLOMEX 900 SP** MAG OP SEKERE ANGELIERVARIëTEITE VERGELING VAN DIE BLAARPUNTE VEROORSAAK. MOENIE **MYLOMEX 900 SP** IN KOMBINASIE MET G49 BENATTINGSMIDDEL OP TABAKSAADBEDDINGS OF OP SITRUS GEBRUIK NIE.

Hanteer uiters versigtig. Giftig deur kontak, wanneer ingesluk of deur inaseming. ‘n Baie klein hoeveelheid van die produk wat ingesluk of ingeasem word mag dodelik wees. Giftig vir vis, bye en wild.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Berg agter slot en grendel in ‘n koel plek, weg van voedsel, saad en kunsmis.
<u>Herbetreding</u> – Moenie behandelde gebied betree binne 2 dae na die bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
In geval van vergiftiging - ONTBIED 'N GENEESHEER EN STEL HIERDIE ETIKET AAN HOM BESKIKBAAR.
<u>LUGTOEDIENING</u>**:**
Stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die sproeinewel daarheen oorwaai nie.

**ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER ’N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE PLAE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR ’N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.**

**VOORSORGMAATREëLS:**

Vermy inaseming van sproeinewel asook kontak met die oë, vel of klere.
Dra beskermende klere,oorpak, rubberstewels, handskoene en ‘n geskikte gesigmasker.
Was besoedelde klere daagliks. Was met seep en water na gebruik of toevallige velkontak.
Moenie eet, rook of drink tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
Verhoed die wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.
Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en doen weg met waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.
Vernietig leë houer deur gate in te kap en plat te druk. Moenie vir enige ander doel hergebruik nie.

**SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING:**

Simptome sluit die volgende in: Asemhalingsnood, benoudheid, hoofpyn duiseligheid, versteurde gesigsvermoë, braking, flouheid, verkleinde pupille, stadige polsslag, oormatige sweet en spiertrekkings.

**NOODHULPBEHANDELING:**

Ingeasem: Verwyder die persoon van die oorsaak van vergiftiging, na vars lug. Indien die pasiënt ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe. Indien asemhaling bemoeilik word, gee suurstof. Verkry mediese hulp.
Ingesluk: Indien die pasiënt by sy volle bewussyn is, drink water (twee glase) en veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel met u vinger te prikkel. Moet nooit iets per mond aan ‘n bewustelose persoon gee nie. Verkry onmiddellik mediese hulp. Indien groot hoeveelhede gedrink is, word dit aanbeveel dat geaktiveerde houtskool en purgeermiddel 1 uur na braking, per mond toegedien word.
Velkontak: In geval van velkontak, spoel onmiddellik met genoegsame water vir 15 minute terwyl besoedelde klere en skoene uitgetrek word. Was klere voordat dit weer aangetrek word. Maak skoene deeglik skoon voordat dit aangetrek word. Verkry onmiddellik mediese hulp.
Oogkontak: Gaan na en verwyder enige kontaklense. Spoel oë onmiddellik met lopende water vir minstens 15 minute terwyl die ooglid oopgehou word. Koue water mag gebruik word. Verkry onmiddellik mediese hulp.

**NOTA AAN GENEESHEER:**

Die produk is ‘n cholienesterase onderdrukker karbamaat. Dien atropiensulfaat binne-aars (2-4 mg) toe elke 5 tot 10 minute tot die eerste tekens van atropinisasie (droë gloeiende vel en tagikardie), voorkom. Pralidoxime (2-PAM Protopam), morfien en ander oksieme moenie gebruik word nie.

LUGTOEDIENING**:**
Lugtoediening mag slegs deur ‘n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met ‘n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ‘n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

Toerusting:
- Gebruik slegs ’n konvensionele spuitbalk waarvan die spuitstukke met holkeël- en platwaaierspuitpunte toegerus is wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet ‘n stelsel gebruik wat ‘n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te verhoed.

Toedieningsparameters:

‘n Minimum volume van 30 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen ‘n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen ‘n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.

‘n Druppelbedekking van 30-35 druppels per $cm^2$ moet op die teikenarea herwin word.

‘n Druppelspektrum met ‘n VMD van 250 - 280 mikron word aanbeveel.

Die hoogte van die spuitbalk moet op 3-4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moenie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens ‘n duik, of terwyl dit uitklim of draai nie.

Dien toe voordat die gewas te ruig word wat sal verhoed dat plante behoorlik bedek word.

Meteorologiese toestande :

Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met ‘n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.

Moenie toedien tydens turbulente, onstabiele toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.

Moenie toedien onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) nie.

Moenie spuit indien die windspoed 15 km/uur oorskry nie.

- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as ‘n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
  b) skade aan sensitiewe gewasse en/of nie-teiken areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.

Dit is noodsaaklik om ‘n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in ‘n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**WEERSTANDSWAARSKUWING :**

Vir weerstandsbestuur is **MYLOMEX 900 SP** as ‘n Groepkode 1A insekdoder geklassifiseer. Enige populasie van ‘n spesifieke insek mag individue insluit wat ‘n natuurlike weerstand teen **MYLOMEX 900 SP**, of enige ander Groepkode 1A insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal moontlik nie deur **MYLOMEX 900 SP** of enige ander Groepkode 1A insekdoder, beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders in dieselfde insekdodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERMENGINGSINSTRUKSIES**:**

Voeg die benodigde hoeveelheid by die halfvol spuittenk en meng deeglik deur roering terwyl die spuittenk stadig volgemaak word (meganies of hidrolies). Aanhoudende roering is noodsaaklik om die produk goed te vermeng.

TOEDIENINGSTABEL:

| GEWAS / PLAAG | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **KOOLGEWASSE**<br>Larwes van Ruitrugmot Grootkoolmot & Plantluise | 50 g / 100 ℓ water | Dien toe sodra die wurms die eerste keer op die blare verskyn. Gebruik tot 500 ℓ spuitmengsel / ha. Gedurende warm weer en hoë infestasies, verkort die spuit intervalle na 3 - 5 dae. Verseker dat die plante deeglik benat word. |
| Afrika bolwurm | 250 g / ha | Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water sodra die wurms hul verskyning maak. Herhaal indien nodig.<br>Grondtoediening: Dien toe in voldoende water om 'n goeie bedekking te verseker. |
| Herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) | 250 g/ha | Dien toe sodra infestasie verskyn maar nie later as die 1ste en 2de instar-stadium nie. Wisselvallige beheer mag verkry word vanaf die 3de instar-stadium. Dien toe as ‘n voldekbespuiting. Verseker deeglike bedekking van die blare en herhaal indien nodig. |
| **ANGELIERE**<br>Angelierwurm | 100 g / 100 ℓ water | Verseker goeie bedekking van die hele plant. Herhaal weekliks. |
| **BONE**<br>Afrika bolwurm | 250 g / ha | Lugtoediening: Dien toe in 30 ℓ water sodra infestasie verskyn. Herhaal indien nodig. |
| | 50 g / 100 ℓ water | Grondtoediening: Verseker goeie benatting van plante en dien tot 500 ℓ spuitmengsel / ha toe. |
| **SITRUS**<br>Plantluise &<br>Afrika bolwurm | 20 g / 100 ℓ water | Dien toe as 'n ligte voldekbespuiting wanneer die plantluise en/of ruspes verskyn. Herhaal indien nodig. |

| | | |
|---|---|---|
| Witluise | 20 g / 100 ℓ water | Dien toe as 'n voldekbespuiting met 'n hoëdrukspuitpomp sodra die jong nimfe op die vrugte verskyn. Herhaal indien nodig. |
| Lemoenvlinder larwes | 25 g / 100 ℓ water | Dien toe as 'n ligte dekbespuiting sodra die larwes opgemerk word. |
| Rooidopluis | 100 g plus 3 ℓ Ligte smalbestek minerale olie / 100 ℓ water | Korrektiewe behandeling: Dien toe wanneer 25 - 40 % van die vrugte besmet is met een of meer lewendige nimfe of volwasse dopluise.<br>**WAARSKUWING:** Vrugdraende bome: Slegs een behandeling moet, op **laat kultivars** tussen Desember en Maart toegedien word. **Vroeë kultivars** mag slegs in Desember of Januarie en ook nie later as Januarie, bespuit word nie. Behandeling moet met 'n hoëdruk lug-saamperspomp / handapparaat toegedien word. Moenie met konvensionele sitrus spuittoestelle toedien nie. |
| Sagte Groen dopluis | 20 g plus 500 mℓ ligte smalbestek minerale olie / 100 ℓ water | Dien toe as 'n voldekbespuiting met 'n hoëdrukspuitpomp sodra die eerste sigbare tekens van infestasie opgemerk word. Moenie minder as 500 mℓ minerale olie / 100 ℓ water gebruik nie. |
| Wasdopluis | 25 g / 100 ℓ water | Dien toe as 'n voldekbespuiting met 'n hoëdrukspuitpomp sodra die jong nimfe van 'n nuwe geslag beweeg. **Hierdie behandeling sal nie suksesvol teen volwasse wasdopluise wees nie.** |

| GEWAS / PLAAG | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **PERSKES**<br>Valskodlingmot | 50 g / 100 ℓ water | **<u>Vroeë kultivars</u>** : Dien twee bespuitings toe en verseker dat die bome deeglik benat word. Dien die eerste bespuiting toe 4 weke vóór oes en die tweede 10 dae later. Dien ook 'n geregistreerde produk toe vir die beheer van vrugtevlieg.<br>**<u>Laat kultivars</u> :** Dien 3 bespuitings toe en begin 6 weke vóór oes en herhaal met tussenposes van 10 dae. Verseker goeie bedekking van die bome. Dien ook 'n geregistreerde produk toe vir die beheer van vrugtevlieg. |
| **AARTAPPELS**<br>Aartappelmot &<br>Afrika bolwurm | 300 - 500 g / ha | <u>Lugtoediening</u> : Dien toe in 30 ℓ water. Gebruik hoër dosis as die spuittussenposes langer as een week is. Vir aartappelmot begin toedien sodra die plant een maand oud is en herhaal toedienings weekliks gedurende die groeiseisoen. Aartappels moet ten minste tweekeer gedurende die groeiseisoen opgeerd word. Vir Afrika bolwurm is een toediening voldoende om een verskyning te beheer. Indien verdere verskynings plaasvind, herhaal toediening soos benodig. |
| | 50 g / 100 ℓ water | <u>Grondtoediening</u>: Verseker 'n goeie bedekking en benatting van die plante. Dien tot 1 000 ℓ spuitmengsel / ha toe. |
| **ROSE**<br>Plantluise | 25 g / 100 ℓ water | Dien as 'n voldekbespuiting toe. Herhaal indien benodig. Dien tot 500 ℓ spuitmengsel / ha toe. |
| **TABAK**<br>Blaarmyner,<br>Afrika bolwurm,<br>Tabakslak &<br>Stinkbesies | 50 g / 100 ℓ water | <u>Grondtoediening</u>: Dien toe sodra plae opgemerk word. Vir blaarmyner, spuit weekliks en verseker deeglike benatting van plante. Dien tot 500 ℓ spuitmengsel / ha toe. |
| Afrika bolwurm,<br>Tabakslak &<br>Stinkbesies | 250 g / ha | <u>Lugtoediening</u>: Dien toe in 30 ℓ water sodra die plae opgemerk word. Herhaal indien benodig. |
| Herfskommandowurm<br>(*Spodoptera frugiperda*) | 250 g/ha | Dien toe sodra infestasie verskyn maar nie later as die 1ste en 2de instar-stadium nie. Wisselvallige beheer mag verkry word vanaf die 3de instar-stadium. Dien toe as 'n voldekbespuiting en verseker deeglike bedekking van die teikenarea. Herhaal indien nodig. |
| **TAMATIES**<br>Afrika bolwurm,<br>Landmeterwurm,<br>Plantluise, Blaarmyner<br>& Blaaspootjies | 50 g / 100 ℓ water | Dien toe as 'n voldekbespuiting met vrugset of vroeër indien benodig en herhaal met tussenposes van 7 - 10 dae gedurende die groeiseisoen. |
| **GRAANSORGHUM, KORING, LUPIENE en LUSERN**<br>Afrika bolwurm | 200 g / ha | <u>Lugtoediening</u>: Dien toe in 30 ℓ water sodra die plaag opgemerk word. Herhaal indien benodig. |
| | 200 g / ha<br>50 g / 100 ℓ water | <u>Grondtoediening</u>: Lae volume; Dien toe in 100 - 200 ℓ water.<br>Dien tot 400 ℓ spuitmengsel / ha toe. |
| Herfskommandowurm<br>(*Spodoptera frugiperda*) | 200 g/ha | Dien toe sodra infestasie verskyn maar nie later as die 1ste en 2de instar-stadium. Wisselvallige beheer mag verkry word vanaf die 3de instar-stadium. Dien toe as 'n voldekbespuiting en verseker deeglike bedekking van die teikenarea. Herhaal indien nodig |
| **MIELIES**<br>Afrika bolwurm | 200 g / ha | <u>Lugtoediening:</u> Dien in 30 ℓ water toe sodra ruspes op die baard van die mielies opgemerk word. **Mylomex 900 SP** sal nie die ruspes wat reeds die kop binnegedring het, doodmaak nie. |
| | 200 g / ha<br>50 g/100 ℓ water | <u>Grondtoediening</u>: Lae volume. Dien toe in 100 – 200 ℓ water.<br>Dien tot 400 ℓ spuitmengsel/ha toe. |

| | | |
|---|---|---|
| Herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) | 200 g/ha | Dien toe sodra infestasie verskyn maar nie later as die 1ste en 2de instar-stadium. Wisselvallige beheer mag verkry word vanaf die 3de instar-stadium. Dien toe in 300 – 600 ℓ water en rig die spuitpunte direk in die kelk in en verseker deeglike bedekking van die blare. Herhaal elke 7 dae indien nodig. |
| **WEIDING & ANDER GEWASSE** Kommandowurm | 50 g / ha | Grondtoediening: Dien in 400 ℓ water toe sodra die plaag opgemerk word. |
| **VELD EN WEIDING** Herfskommandowurm (*Spodoptera frugiperda*) | 50 g/ha | Dien toe sodra infestasie verskyn maar nie later as die 1ste en 2de instar-stadium. Wisselvallige beheer mag verkry word vanaf die 3de instar-stadium. Dien toe as 'n voldekbespuiting en verseker deeglike bedekking van die teikenarea. Herhaal indien nodig. |